

Vrydag 21 Januarie

Skrifgedeelte: Romeine 10:5-15

Fokusgedeelte: Romeine 10:8

Jy omhels, leef en vertel 'n duidelike boodskap

Die boodskap is nie onduidelik, 'n misterie, 'n geheim nie. Jesus het gekom na die aarde, vir sondaarmense gesterf en betaal, die dood oorwin met die opstanding, die oorwinning en nuwe lewe behaal. Die Bybel openbaar die goeie nuus duidelik. Dit is naby ons (vs 8). Jy hoef nie iewers heen te gaan om dit te ontdek nie, dit is hier by jou, in die Woord. Die teksvers (vs 8) verwys na Deuteronomium 30:14 waar daar staan: “Die gebod is baie naby aan jou, jy kan daarvoor praat, jy ken dit, jy kan daarvolgens lewe.”

Hierdie duidelike boodskap van redding moet alle mense bereik. Ons sien in Romeine 10:

- iemand word gestuur (vs 15),
- die gestuurde verkondig (vs 14)
- iemand hoor die boodskap wat verkondig word en glo (vs 14)
- dan roep hy die Here aan (vs 14)
- en elkeen wat die Here aanroep sal gered word (vs 13)

Waar pas jy in by bogenoemde proses? Wat is waar van jou lewe? Al die bogenoemde punte is vir jou bedoel en op jou van toepassing. Die duidelike openbaring van die evangelie moet deur jou gehoor, omhels, geleef en verkondig word.

Sing: Psalm 66-1:1, 7

Ds. CJ van Heyningen (Johan) (Stellenbosch)